# Filadelfia Gemeente

**Toepas in my lewe:**

**God sal vir ons deure oopmaak en mense in ons lewens gee wat ons liefhet en ondersteun wat soms nie eens ons familie is nie,**




**Dit was 'n vooruitgaande stad tot 1780, toe daar 'n geweldige aardbewing was.Rome wou hulle nie help om die plek op te bou nie en Keiser Domision het die hele stad se wingerde laat verwyder, wat hulle natuurlik fiansieël heeltemal lamgelê het en laat verarm het.**

**Hy het die ruggraat van hul ekonomie gebreek.**

**Die vroeë Christene was egter baie opgewonde om hierdie brief te ontvang. Hulle het dit so nodig gehad. In die vroeër jare was hul nog welkom in die sinagoge maar soos die Evangelie boodskap gegroei het, is hulle uitgeskop uit die gemeenskap van die Jode. Die Sinagoge was vir hulle gesluit. Hierdie deur is vir hullle gesluit en dit het ook veroorsaak dat hulle familie en vriende verloor het agv hulle geloof. Dit was vir hulle 'n groot hartseer en dan was daar nog die vrees vir hulle lewens.**

**MAAR**

**Hulle het geweier om op te gee. Hulle bly gehoorsaam aan die opdrag om getrou te wees aan God se opdrag om getrou te bly en te oorwin.**

**Vir hierdie klein sukkelende gemeente belowe die Here die Oorwinning. Baie kinders van die Here dra hierdie hartseer in hul lewens, daarom is ons as kerk van Jesus, as Gemeente so belangrik.**

**Jesus sê vir hierdie gemeente dat Hy 'n deur sal open wat Hy nooit sal sluit nie. Hy sê dat Hy hulle pilare sal maak in Sy Vader se huis. 'n Pilaar staan vas, onbeweeglik, betroubaar. Die een belofte na die ander…..**

**Wat belowe Jesus hulle nog verder?**

**Maranata! Kom Here Jesus Kom!**

# Laodicea Gemeente

**Toepas in my lewe:**

**Is ek warm of Koud?**

**Openbaring 3:14-22**

**Die kerk wat lou was. Jesus staan buite**

**Sy kerk en klop aan die deur.**



**'n Stad met 'n groeiende ekonomie. Dit was die Bybelse tye se "Wall street" met groot industrië en bekend vir hulle handel.**

**70 n.C was daar ook 'n hewige aardbewing. Rome wou nie help om die stad te herbou nie, toe doen hulle dit self. Hulle was bekend vir hulle tekstiele en medisyne vir oog probleme. Die groot probleem van Loadocea, alhoewel hy op die groot handelsroetes geleë was, is dat hy nie water gehad het nie. Hulle moes water aanlei vir myle ver. Ongelukkig het die water wat gelei is na die dorp, warm gebak deur die son, dit louwarm in die dorp laat inloop en vol minerale wat dit 'n vreeslike wrang smaak gegee het en ook 'n aaklige reuk.**

**Die geur en reuk van die water het in alles ingetrek.**

Wanneer Jesus aan die Gemeente dink, is Sy gedagte en vergelyking na die water. Dis lou, die smaak maak jou naar en die reuk stoot jou af. Die gedagte aan Laodicea maak Hom siek.

**Open 3:15 " Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm!**
**16 Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug."**

Hierdie is die mees radikale uitspraak van al die gemeentes.

Hoekom sal dit wees?

Kom ons maak hier 'n opsomming van wat Jesus gesê het oor die ander gemeentes:

Efese

___

___

Smirna

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

Pergamus

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

Thiatire

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

Sardis

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

Filedelfia

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

Laodicea

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

Jesus wil hê dat hulle warm of koud sal wees. Dit is God se begeerte vir Sy kerk. Jesus praat egter van iets baie meer dieper.

**Vers 17 "Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie;"**

Hulle is so onafhanklik dat Hulle selfs vir Jesus nie nodig het nie. Hy is net 'n voetnota om hulle bymekaarkom tye "Kerk" te noem. Hulle afhanklikheid is van wat hulle is en wat hul status is. In Deutronomium lees van hoe Israel in Kanaan in gelei is, het die Here hulle gewaarsku:

Deut 9:7a ____________________________________________________________

Deut 6:12

________________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________________

Die vraag wat ons onsself moet afvra, is ons lief vir God of vir die goed wat God ons gee? Baie mense in ons dag, soek nie die God van die Bybel nie, alleen Sy gawes.

Jesus is so ernstig oor hierdie saak in Sy kerk, dat Hy so ver sal gaan om hul uit Sy mond uit te spuug.

Johannes 15 leer ons wat dit beteken om in Jesus te bly.

Hierdie mensies was so veblind deur hulle besitting. Jesus skryf vir hulle:

**"jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie"**

**Jesus nooi hulle nog steeds en ook vir ons as Sy kinders vandag:**

**Open 3:18 Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is,** (hulle was goed bekend met suiwer goud, maar dis nie waarna Jesus verwys nie. Ons moet belê in God se Koninkryk. Dit wys na die karakter wat gevorm word deur leiding en beproewings, as kinders van God.)

Job 23:10 leer ons

________________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________________

**sodat jy kan ryk word;(**geestelike groei en rykdom kan nie met geld gekoop word nie, maar ons kry dit deur ons wandel met die Here.)

2 Korinthiers 9:12

________________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________________

**en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie;(** beteken om gekleë te wees met God se geregtigheid. Dis nie 'n kledingstuk wat jy op 'n mark kan koop nie, maar deur God se ryke genade kleë Hy ons met Sy geregtigheid. Sodat ek met vrymoedigheid na God se troon kan nader en dat ek sonder selfverwyt kan leef tot eer van die Here)

Jesaja 58:8

________________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________________

**en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien.**(hulle was so beïnvloed deur alles om hulle, en Jesus nooi hulle nou dat hulle na Hom moet kom dat Hy hulle oë kan open vir Sy wysheid en insig - hoe ons na alles om ons moet kyk vanuit God se perspektief.)

Handeling 26:18

---

**Open 3:19 Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou.**

**Jesus sluit Sy brief af. Open 3:20 "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My."**

Hoe lyk ons lewens voor die Here Jesus. Staan Hy ook buite of is Hy 'n integrale deel van jou lewe. Hy belowe dat Hy maaltyd saam met my sal hou. Dit beteken dat Hy my sal voed en tyd saam met my wil spandeer. Dit is nie sommer 'n koue en kliniese verhouding nie, maar een waar ek die Here beter leer ken en elke dag nader aan Hom kan lewe.

Hoor u ook die uitnodiging bo-oor al die geraas in jou lewe. Dit wat God ons gee en ons aan ons toevertrou is slegs 'n bonus. Niks op aarde versadig soos Jesus self nie.

**"Wie 'n oor het, Laat hom hoor wat die Gees aan die Gemeente sê."**

**Jesus is die Oorwinnaar.**